

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS
KENNISGEWING 1 VAN 2016

OPGAWES VAN INLIGTING WAT DEUR DERDE PARTYE INGEVOLGE ARTIKEL 26 VAN DIE WET OP BELASTINGADMINISTRASIE, 2011 (WET NO. 28 VAN 2011), VERSTREK MOET WORD

Ingevolge artikel 26 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, vereis ek, Thomas Swabihi Moyane, hierby dat die persone in die aangehegte Bylae aangedui, opgawes vir 2015 en daaropvolgende jare moet indien teen die datums in die Bylae aaangedui.

Hierdie openbare kennisgewing vervang, met ingang van die datum van publikasie daarvan, Kennisgewing 260 uitgereik in *Staatskoerant* No. 36346 gedateer 5 April 2013 en Kennisgewing 420 uitgereik in *Staatskoerant* No. 36565 gedateer 14 Junie 2013, uitgereik kragtens artikel 26 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011.

T S MOYANE
KOMMISSARIS: SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

Bylae

1. Algemeen

In hierdie kennisgewing dra enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in 'n "Belastingwet" soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, geheg is die betekenis aldus toegeken, tensy dit uit die samehang anders blyk, en die volgende woorde of uitdrukkings dra die volgende betekenisse:

"rente" beteken ook rente soos in artikel 24J van die Inkomstebelastingwet omskryf;

"rekord" beteken die opgetekende inligting ten opsigte van 'n persoon wat deur die derde party ingedien moet word";

"rekords" beteken die opgetekende inligting ten opsigte van alle persone wat deur die derde party ingedien moet word; en

"SAID elektroniese indieningsdiens" beteken 'n SAID elektroniese indieningsdiens soos omskryf in paragraaf 1 van die Reëls vir Elektroniese Kommunikasie op 25 Augustus 2014 in *Staatskoerant* No. 37940 gepubliseer.

2. Persone vereis om derdepartyopgawes in te dien

Van die volgende persone word vereis om 'n opgawe in te dien soos in paragraaf 3 aangedui:

- 2.1 Banke deur die Registrateur van Banke ingevolge die Bankwet, 1990, of die Wet op Onderlinge Banke, 1993, geregleer;
- 2.2 "Co-operative Banks" deur die "Co-operative Banks Development Agency" ingevolge die "Co-operative Banks Act, 2007", geregleer;
- 2.3 Die Suid-Afrikaanse Posbank Beperk (Posbank) ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Posbank Beperk, 2010, geregleer;
- 2.4 Finansiële instellings deur die uitvoerende beampte, adjunk- uitvoerende beampte of raad, soos omskryf in die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990, geregleer ongeag ingevolge daardie Wet of enige ander Wet ;
- 2.5 Maatskappye op die JEB genoteer, en verbonde persone met betrekking tot die maatskappye, wat effekte, skuldbriewe of soortgelyke finansiële instrumente uitreik;
- 2.6 Maatskappye in staatsbesit, soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, 2008, wat effekte, skuldbriewe of soortgelyke finansiële instrumente uitreik;
- 2.7 Staatsorgane, soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, wat effekte, skuldbriewe of soortgelyke finansiële instrumente uitreik;
- 2.8 Enige persoon (insluitend 'n koöperasie soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet) wat enige lewende hawe, vars produkte, timmerhout, kwarts,

- minerale of kosbare stene van 'n primêre vervaardiger, anders as op 'n kleinhandelbasis, aankoop;
- 2.9 Enige mediese skema kragtens artikel 24(1) van die Wet op Mediese Skemas, 1998, geregistreer;
- 2.10 Enige persoon wat vir sy of haar eie rekening die besigheid van eiendomsagent soos omskryf in die Wet op Eiendomsagentskapsaangeleenthede, 1976, beoefen en wat enige bedrag ten opsigte van 'n belegging, rente of die verhuring van eiendom aan of namens 'n derde party betaal of ontvang;
- 2.11 Enige persoon wat vir sy of haar eie rekening as prokureur soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Prokureurs, 1979, praktiseer en wat enige bedrag ten opsigte van 'n belegging, rente of die verhuring van eiendom aan of namens 'n derde party betaal of ontvang;
- 2.12 'n Persoon vir die betaling van terughoudingsbelasting op rente ingevolge artikel 50F(2) van die Inkomstebelastingwet aanspreeklik; en
- 2.13 'n Persoon bedoel in paragraaf 2 van die Regulasies uitgereik ingevolge artikel 12T(8) van die Inkomstebelastingwet, en wat 'n finansiële instrument of polis ten opsigte van 'n belastingvrye belegging uitgereik het.

3. Opgawes vereis om ingedien te word

Elke persoon in kolom 1 genoem, moet 'n derdepartyopgawe indien wat betrekking het op die inligting in kolom 2 aangedui, in die vorm in kolom 3 van die volgende Tabel aangedui:

Kolom 1: Persoon genoem in paragraaf	Kolom 2: Inligting aangaande	Kolom 3: Vorm
2.1, 2.2, 2.3, 2.4, 2.5, 2.6, 2.7 2.10, 2.11 en 2.12	Bedrae betaal, verskuldig en betaalbaar, of ontvang ten opsigte van, of by wyse van enige belegging, verhuring van onroerende eiendom, rente of tantième; transaksies wat opgeteken word in 'n rekening in stand gehou vir 'n ander persoon (d.i. transaksiegebaseerde rekeninge soos bankrekeninge); en enige belasting teruggehou.	IT3(b); of Data saamgestel ooreenkomstig SAID se Besigheidsvereiste-spesifikasie: IT3 Data-indiening

Kolom 1: Persoon genoem in paragraaf	Kolom 2: Inligting aangaande	Kolom 3: Vorm
2.1, 2.2, 2.3, 2.4, 2.5, 2.6 en 2.7	Bedrae betaal ten opsigte van die aankoop van en beskikking oor finansiële instrumente.	IT3(c); of Data saamgestel ooreenkomstig SAID se Besigheidsvereiste-spesifikasie: IT3 Data-indiening
2.4	Die aankoop van en bydraes gemaak ten opsigte van enige uittredingannuïteitspolis	IT3(f); of Data saamgestel ooreenkomstig SAID se Besigheidsvereiste-spesifikasie: Versekeringsbetalings
2.4	Die betaling van 'n bedrag wat voorkom by die afsterwe van 'n persoon ingevolge 'n versekeringpolis.	IT3(f); of Data saamgestel ooreenkomstig SAID se Besigheidsvereiste-spesifikasie: Versekeringsbetalings
2.8	Gelde betaal ten opsigte van 'n aankoop, verkoop of verskeping van lewende hawe, vars produkte, timmerhout, kwarts, minerale, kosbare stene, of by wyse van 'n bonus.	IT3(e); of Data saamgestel ooreenkomstig SAID se Besigheidsvereiste-spesifikasie: IT3 Data-indiening
2.9	Bydraes gemaak deur persone ten opsigte van 'n mediese skema, en alle uitgawes vir 'n persoon deur 'n mediese skema betaal.	IT3(f); of Data saamgestel ooreenkomstig SAID se Besigheidsvereiste-spesifikasie: Mediese fondsbydraes
2.13	(a) Bydraes aan, onttrekkings van en oordragte na en uit 'n belastingvrye belegging; en (b) enige ande bedrae ontvang of toegeval ten	IT3(s); of Data saamgestel ooreenkomstig SAID se Besigheidsvereiste-spesifikasie: IT3 Data-indiening

Kolom 1: Persoon genoem in paragraaf	Kolom 2: Inligting aangaande	Kolom 3: Vorm
	opsigte van 'n belastingvrye belegging.	

4. Datum vir indiening van derdepartyopgawe

Behoudens paragraaf 5, moet die opgawes genoem in die bogenoemde Tabel, wat alle voorgeskrewe inligting bevat ten opsigte van die tydperk vanaf—

- 4.1. 1 Maart tot 31 Augustus, teen 31 Oktober ingedien word; en
- 4.2. 1 Maart tot die einde van Februarie, teen 31 Mei ingedien word.

5. Datum vir indiening van eerste opgawe vir persone gelys in paragrawe 2.12 en 2.13

Persone wat as gevolg daarvan dat hulle in paragrawe 2.12 en 2.13 gelys is vir die eerste keer 'n opgawe moet indien, word nie vereis om 'n opgawe vir die tydperk van 1 Maart 2015 tot 31 Augustus 2015 in te dien nie.

6. Wyse van indiening van derdepartyopgawe

6.1 Waar 'n derdepartyopgawe bestaan uit:

- 20 of minder rekords, moet die data elektronies ingedien word deur die SAID elektroniese indieningsdiens – “eFiling” – te gebruik;
- 21 tot 50 000 rekords moet die data elektronies ingedien word deur die SAID elektroniese indieningsdiens – “hypertext transfer protocol secure (https) bulk data filing” – te gebruik; en
- meer as 50 000 rekords moet die data elektronies ingedien word deur die SAID elektroniese indieningsdiens – “Connect Direct (C:D) bulk data filing” – te gebruik.

6.2 Verklarings ten opsigte van derdepartyopgawes moet elektronies ingedien word deur die SAID elektroniese indieningsdiens – “eFiling” – te gebruik.

7. Alternatiewe reëlins met SAID

SAID kan ooreenkom dat 'n persoon, van wie vereis word om 'n opgawe ooreenkomstig hierdie Bylae in te dien, 'n opgawe ten opsigte van 'n ander tydperk, op 'n alternatiewe datum en op 'n alternatiewe wyse, na gelang van die geval, kan indien.